


Die sewe seëls



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 6:1–14, Levítikus 26:21–26, Eségiël 4:16, Deuteronómium 32:43, II Thessalonicense 1:7–10.

Geheeteks:

“‘Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.’” (*Openbaring 5:9, 10*).

Openbaring 6 beskryf die toneel in hoofstukke 4-5 verder waar Christus die verseëelde boek neem en alles herwin het wat Adam verloor het. Hy is nou reg om die seëls van die boek oop te maak en die plan van verlossing tot volle verwerkliking te bring. Met pinkster het Christus sy koninkryk uitgebrei deur met die verspreiding van die evangelieboodskap te begin. Dus verwys die oopmaak van die seëls na die verkondiging van die evangelie tydens pinkster, en ook na die gevolge van die verwerping van die boodskap. Die oopmaak van die sewende en laaste seël neem ons tot by die voleinding van hierdie wêreld se geskiedenis.

Openbaring 3:21 voorsien die sleutel tot die betekenis van die sewe seëls: “‘Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het’”. Hoofstukke 4 en 5 beskryf Christus se oorwinning en hoe Hy sy Vader se troon bestyg, en hoofstuk 7 verwys na die oorwinnaars voor Christus se troon. Dus gaan hoofstuk 6 oor die proses van oorwinning wat God se kinders deurgaans sodat hulle saam met Jesus op sy troon kan sit.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Februarie.*

Die oopmaak van die eerste seël

Lees Openbaring 6:1–8 saam met Levítikus 26:21–26 en Matthéüs 24:1–14. Let op hoe die sleutelwoorde in hierdie verse ooreenstem. Wat leer hierdie ooreenkomste jou oor die betekenis van die eerste vier seëls?

Die gebeurtenisse wat plaasvind wanneer die sewe seëls oopgemaak word, moet in die konteks van die Ou Testament se vervloeking in terme van swaard, droogte, pessiëktes en wilde diere, verstaan word (*Levítikus 26:21–26*). Eségiël noem dit God se “vier kwaai gerigte” (*Eségiël 14:21*). Dit was die tugmaatreëls wat God gebruik het om sy volk van hulle geestelike toestand bewus te maak, en hulle te straf wanneer hulle ontrou aan hulle verbond met Hom was. Op ‘n soortgelyke wyse is die vier ruiters God se manier om sy volk wakker te hou terwyl hulle vir Jesus se wederkoms wag.

Daar is ook sterk ooreenkomste tussen die eerste vier seëls en Matthéüs 24:4–14, waar Jesus verduidelik wat met die wêreld gaan gebeur. Die vier ruiters stel voor hoe God sy kinders op die regte pad hou deur hulle te herinner dat hierdie wêreld, soos wat dit nou daar uitsien, nie hulle tuiste is nie. Hoewel daar hier simboliek gebruik word, beskryf Openbaring 6:1, 2 ook oorwinning. Dit dui op Openbaring 19:11–16 waar Christus as ‘n ruiter op ‘n wit perd wat die hemelse leërske in die finale stryd van die aardse geskiedenis lei, voorgestel word. Omdat hierdie simbool reinheid aandui, word wit gereeld met Christus en sy volgelinge geassosieer. Die ruiter op die perd hou ‘n boog vas en ontvang ‘n kroon, en dit kom met die beeld van God in die Ou Testament wat op ‘n perd ry met ‘n boog in sy hand ooreen, terwyl Hy sy volk se vyande verslaan (*Hábakuk 3:8–13; Psalm 45:4, 5*). Die Griekse woord vir die kroon wat die ruiter dra, is *stephanos*, en is die kroon van oorwinning (*Openbaring 2:10, 3:11*). Hierdie ruiter is ‘n veroweraar wat as ‘n oorwinnaar voorwaarts gaan om te verslaan. Die toneel van die eerste seël beskryf die verspreiding van die evangelie wat met groot krag tydens pinkster begin het, en Christus se koninkryk begin uitbrei het. Daar was baie gebiede wat oorwin was en wat nog oorwin moet word, en baie mense wat volgelinge van Jesus moet word totdat die finale oorwinning verwerklik word met Christus se glorieryke wederkoms.

Profeties stem die toneel van die eerste seël met die boodskap aan die kerk in Éfese ooreen; dit beskryf die apostoliese periode toe die evangeliebodskap vinnig deur die wêreld versprei het, voor (*Kolossense 1:23*).

Hoekom moet ons altyd onthou dat ons, afgesien van ons onmiddellike omstandighede, in Christus aan die wenkant is?

Die tweede en derde seëls

Lees Openbaring 6:3, 4. Gebaseer op die beskrywing van die rooi perd met sy ruiter en met verwysing na die evangelieboodskap, waarom word daar hier gepraat?

Rooi is die kleur van bloed. Die ruiter het 'n groot swaard en word toegelaat om die vrede op aarde weg te neem, en dit sodoende vir die mense moontlik maak om mekaar dood te maak. Die tweede seël beskryf die gevolge van die verwerping van die evangelie. Terwyl Christus geestelik oorlog voer deur die verkondiging van die evangelie, bied die bose magte sterk weerstand. Die onvermydelike gevolg is vervolging. Die ruiter is nie die een wat doodmaak nie, maar hy neem die vrede van die aarde af weg, en die onvermydelike resultaat is dat daar vervolging plaasvind. (*Lees Mattheüs 10:34.*)

Lees Openbaring 6:5, 6 saam met Levitikus 26:26 en Eségiël 4:16. Met verwysing na die beskrywing van die swart perd en sy ruiter, na watter werklike gebeurtenis wat met die verkondiging van die evangelie geassosieer word, word daar verwys?

Die ruiter op die swart perd het 'n weegskaal wat kos weeg in sy hand. 'n Aankondiging word gemaak: " 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning'" (*Openbaring 6:6*). In daardie deel van die wêreld was graan, olie en wyn basiese lewensbenodigdhede (*Deuteronomium 11:14*). Deur brood te eet wat versigtig geweeg moes word, het dit 'n groot tekort of hongersnood aangedui (*Levitikus 26:26, Eségiël 4:16*). Gedurende Johannes se tyd was 'n penning 'n daaglikse loon (*Mattheüs 20:2*). In normale omstandighede kon 'n daaglikse loon al die benodigdhede vir 'n gesin per dag voorsien het. Maar, gedurende 'n hongersnood sou die normale prys geweldig hoër gewees het. In die toneel van die derde seël sou 'n hele dag se werk net genoeg voedsel vir een persoon kon koop. Om 'n klein gesin te kon voed, sou 'n dag se loon drie rantsoene gars wat 'n goedkoper growwe voedselsoort wat vir armes bedoel was, kon koop. Die toneel van die derde seël dui op die verdere gevolge van die verwerping van die evangelie. Indien die wit perd die verkondiging van die evangelie verteenwoordig, dui die swart perd die afwesigheid van die evangelie aan. Graan in die Bybel simboliseer die Woord van God (*Lukas 8:11*). Die verwerping van die evangelie lei onvermydelik tot 'n droogte van die Woord van God soortgelyk aan wat Amos voorspel het (*Amos 8:11-13*).

Die toneel van die vierde seël

Lees Openbaring 6:7, 8. Wat word hier uitgebeeld? Hoe stem hierdie toneel met die vorige een ooreen?

Die kleur van die perd in die vierde seël word deur die Griekse woord chloros, wat 'n asgryskleur soos die van 'n ontbinde lyk, beskryf. Die ruiter se naam is Dood, en die doderyk, Hades, vergesel hom. Hierdie twee word toegelaat om mag oor 'n vierde deel van die aarde te verkry, en die mense met die swaard, hongersnood, die dood en wilde diere te vernietig. Die vierde seël roep pessiektes en die dood tevoorskyn. Die aanskoulike uitbeelding van die toneel beklemtoon dat waar daar geestelike hongersnood van die Woord van God is, die onvermydelike gevolg 'n geestelike dood is. Die goeie nuus is dat die mag van die Dood en Hades baie beperk is; hulle word net outoriteit oor 'n vierde deel van die aarde gegee. Jesus verseker ons dat Hy die sleutels van Hades en die dood het (*sien Openbaring 1:18*).

Hersien weer die inhoud van die boodskappe aan die kerke in Éfese, Sardis, Pérgamus en Thiatíre in Openbaring 2. Vergelyk die toestande in daardie kerke met die tonele van die eerste vier seëls. Watter ooreenkomste tussen hulle neem jy waar?

Die tonele van die sewe seëls weerspieël die toekoms van die kerk. Net soos met die sewe kerke staan die seëls ook in wedersydse betrekking met die verskillende periodes van die Christelike kerk se geskiedenis. Gedurende die apostoliese tydvak het die evangelieboodskap vinnig deur die wêreld versprei. Daarna het die Romeinse Ryk se vervolgingsperiode gevolg, vanaf die einde van die eerste eeu tot die begin van die vierde eeu soos dit uitgebeeld word in die toneel van die tweede seël. Die derde seël verwys na 'n periode van kompromieë gedurende die vierde en vyfde eeu, wat deur die Bybel as 'n geestelike hongersnood aangedui word, en wat die "Donker Eeue" tot gevolg gehad het. Die vierde seël beskryf baie toepaslik die geestelike dood van die Christendom gedurende die Donker Eeue.

Openbaring 6:6 verklaar dat "die olie en die wyn" nie deur die hongersnood van die derde seël se plaag beskadig word nie. Olie is 'n simbool van die Heilige Gees, en wyn van verlossing in Jesus Christus. Wat vertel dit aan ons oor die feit dat, selfs wanneer die Woord van God skaars is, die Heilige Gees nog werk, en dat verlossing nog beskikbaar aan almal is wat na waarheid soek?

Die oopmaak van die vyfde seël

Lees Openbaring 6:9, 10. Wat gebeur hier?

Die woord siel in die Bybel dui die mens in sy geheel aan (*Génesis 2:7*). Die dood van God se getroue volgelinge wat vervolg was, word hier uitgebeeld in terme van die offerandebloed wat aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgegiet was (*Eksodus 29:12, Levítikus 4:7*). God se volk het onregverdiglik gely en is vir hulle getrouheid aan die evangelie gedood. In hierdie toneel roep hulle met 'n groot stem uit en vra God om in te tree en hulle bloed te wreek. Hierdie verse spreek die onreg wat hier op aarde gepleeg was, aan; dit verwys glad nie na die toestand van die dode nie.

Lees Openbaring 6:11 saam met Deuterónómium 32:43 en Psalm 79:10. Wat was die hemel se reaksie op die gebede van God se martelare?

Die heiliges wat gemartel was, het wit klere wat Christus se regverdigheid voorstel, ontvang, en wat daartoe gelei het dat hulle regverdig verklaar was – sy gawe aan hulle wat sy aanbod van genade aanvaar (*Openbaring 3:5, 19:8*). Aan hulle was toe gesê dat hulle moes rus totdat hulle medediensknegte 'n soortgelyke ondervinding sou moes deurgaen. Dit is belangrik om op te let dat die Griekse teks van Openbaring 6:11 nie die woord voltallig bevat nie. Openbaring praat nie van 'n sekere getal martelare wat voltallig moet word voor Christus se wederkoms nie, maar van die volmaaktheid van hulle karakter. God se volk word volmaak deur bekleed te word met Christus se geregtigheid, nie volgens hulle eie meriete nie (*Openbaring 7:9, 10*). Die heiliges wat gemartel was, sal nie opgewek word sodat hulle saak reggestel kan word voor die Tweede Koms van Christus en die begin van die duisend jaar nie (*Openbaring 20:4*). Alhoewel die toneel van die vyfde seël histories op die Middeleeue toegepas kan word toe miljoene vir hulle getrouheid gemartel was, kan daar ook gedink word aan die ondervindinge van God se lydende volk regdeur die geskiedenis vanaf Abel se tyd (*Génesis 4:10*) tot die tyd van God se finale wraakneming oor “ ‘die bloed van sy diensknegte’ ” (*Openbaring 19:2*).

“Hoe lank, o heilige en waragtige Heerser?” was die uitroep van God se lydende volk regdeur die geskiedenis. Wie het nog nooit met onreg in sy eie lewe geworstel nie? Watter troos vind jy in die toneel van die vyfde seël, wetende dat reg eendag inderdaad sal geskied?

Die oopmaak van die sesde seël

Die vyfde seël openbaar die onregverdige lyding wat God se volk in ‘n vyandige wêreld moet verduur, en hoe hulle tot God uitroep vir sy ingryping om hulle te help. Die tyd het vir God aangebreek om die gebede van sy volk te verhoor.

Lees Openbaring 6:12–14 saam met Matthéüs 24:29, 30 en II Thessalonicense 1:7–10. Wat word hier geopenbaar?

Die kosmiese tekens van die sesde seël is die tekens wat deur Jesus in Matthéüs 24:29, 30 voorspel was, wat aan die einde van die “groot verdrukking” (*Openbaring 7:14*) in die middeleeue as die voorloper vir die Tweede Koms sou plaasvind. Die son, die maan, die “sterre” (*meteore*), en die lug (*uitspannel*) word hier as letterlik beskou. Die gebruik van die woord soos, dui op ‘n simboliese ooreenkoms met ‘n werklike voorwerp of gebeurtenis – die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed, en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ‘n vyeboom wat deur ‘n groot wind geskud word, sy nawyte laat afval, en die hemel het weggewyk soos ‘n boek wat toegerol word. Die Christene in die Westerse wêreld het die Lissabon-aardbewing in 1755, die donker dag van 19 Mei, 1780, in die oostelike deel van New York en die suidelike deel van Nieu-Engeland, en die skouspelagtige meteoriete-reën oor die Atlantiese Oseaan op 13 November, 1833, as die vervulling van die profesie van Christus se koms gesien. Dit het ‘n reeks herlewings tot gevolg gehad wat as die Tweede Groot Ontwaking bekend geword het.

Lees Openbaring 6:15–17 saam met 19:11–21. Lees ook Jesaja 2:19, Hosea 10:8, en Lukas 23:30. Hierdie tonele toon alle klasse mense wat paniekerig probeer om weg te kom van die verskrikking van die chaos tydens die koms van Christus. Hulle roep uit na die rotse en berge om hulle te verberg en hulle te beskerm teen die “ ‘aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam’ ” (*Openbaring 6:16*). Die tyd het aangebreek om reg te laat geskied wanneer Christus kom “om verheerlik te word in sy heiliges” (*II Thessalonicense 1:10*). Hulle einde word in Openbaring 19:17–21 beskryf. Die toneel sluit met die retoriese vraag deur die verskrikte goddeloses: “ ‘want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?’ ” (*Openbaring 6:17; sien ook Nahum 1:6, Maleági 3:2*). Die antwoord op daardie vraag word in Openbaring 7:4 gegee — hulle wat in daardie dag staande sal kan bly, is die verseëlde van God.

“ ‘Maar wie kan die dag van sy koms verdra?’ ” (*Maleági 3:2*). Hoe sal jy hierdie vraag beantwoord, en watter Bybelse redes kan jy gee om jou antwoord te staaf? Bring jou antwoorde na die klas op Sabbat.

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “The World’s Need,” bl. 457–460, in *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*. (Vrye vertaling). Die visioen van die oopmaak van die sewe seëls openbaar in simboliese taal God se omgee vir sy volk op aarde. Kenneth A. Strand skryf so daaroor: “Die Skrif verseker ons dat God nog altyd vir sy volk omgee het: dat Hy selfs in die geskiedenis altyd teenwoordig was om hulle te kon ondersteun, en dat Hy tydens die eskatologiese ontknoping hulle ten volle tot hulle reg sal laat kom, en aan hulle ‘n onbegryplike vrygewige prys van ewigheidsbestaan sal gee. Die boek van Openbaring neem hierdie tema en brei pragtig daarop uit, en dus is Openbaring geensins een of ander valse apokaliptiese wat nie met Bybelse literatuur oor die algemeen ooreenstem nie; dit bevat die hoofinhoud en kern van die Bybelse boodskap. Soos wat Openbaring nadruklik aandui, die ‘lewende’ — die Een wat die dood en die dodelyk oorwin het (1:18) — sal nooit sy getroue volgelinge verlaat nie, en selfs wanneer hulle gemartel word, oorwin hulle (12:11), en sal hulle die ‘kroon van die lewe’ ontvang (sien 2:10; 21:1–4; en 22:4).” — Kenneth A. Strand, “The Seven Heads: Do They Represent Roman Emperors?” in *Symposium on Revelation* — Book 2, Daniel and Revelation Committee Series (Silver Spring, Md.: Biblical Research Institute, 1992), vol. 7, bl. 206, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Watter waardevolle lesse het jy uit die toneel van die oopmaak van die sewe seëls geleer? Hoekom, indien niks anders nie, behoort dit aan jou te toon dat, maak nie saak hoe sleg dit op aarde gaan nie, God nog heers en uiteindelik al die beloftes wat ons in Christus het, sal vervul?
2. Dink na oor die volgende verklaring: “Die kerk is die werktuig wat God vir die verlossing van die mensdom aangewys het. Dit is op diens ingestel en sy sending is om die evangelie aan die wêreld oor te dra.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 9. Dink aan jou plaaslike kerk. Hoe kan jou gemeente meer getrou wees om meer mense met die evangelieboodskap te bereik?
3. Bring jou antwoord op Donderdag se laaste vraag na die klas. Wie kan die dag van sy koms deurstaan, en hoekom? Bespreek die implikasies van jou antwoord in terme van hoe ons behoort te lewe om ons vir die dag van sy koms voor te berei.